

sovoorts. Die vrywilligers wat die projek organiseer kry maklik 100 to 150 kinders op 'n Saterdag oggend bymekaar vir 'n program. Gewoonlik is daar hopeloos te veel kinders. Phakamisa wat aan die stuur van die projek is, en Khusta, was onlangs vir twee weke intensiewe sport opleiding in Gauteng. Veral Khusta het met soveel vuur teruggekom dat sy hare omtrent afgeskroei het. Slegte nuus vir ons is dat Phakamisa en sy gesin volgende jaar Port Alfred toe verhuis om vir hulle kerk, die African Gospel Church, daar 'n kerk te gaan plant. Ons kom nou al 'n baie lang pad saam en is hy een van die staatmakers en geestelike leiers in die gemeenskap wat die toets van die tyd deurstaan het. Gelukkig is Port Alfred nie vër nie en sal hy sekerlik nog gereeld hier opdaag om vir ons op sy langdradige, maar inspirerende manier te vertel wat die Here nou weer met hom aangevang het. Hy gaan 'n groot leemte los in Uitenhage, en veral op die Algoa busse waar hy so lekker kerk gehou het. Gelukkig is daar in Khusta iemand wat die potensiaal het om ReadySetGo verder te vat, en het hy hom reeds bewys.

Daar is nog baie om te vertel maar het ons vir eers uit plek uit gehardloop in die nuusbrief so ons som maar die res op. Die tuinbouprojekte het basies tot 'n stilstand gekom as gevolg van die waterbeperkings. Die positiewe effek van die goeie reën einde September het net gehou tot die hittegolf hier in vroeg November. Die droë meedoënlose westewind het die laaste bietjie entoesiasme vir die projekte vir eers by die deur uitgewaai. Ons het die nuwe Farming God's Way opleidings DVD en ander inligting op 'n geheuekaart bekom en sodra omstandighede meer gunstig raak sal ons ook graag die opleiding weer wil aanpak. Die DVD is baie professioneel aanmekaar gesit en van 'n hoë gehalte. Die werkboek kom daarmee saam.

Vir die Nehemia visie in die Metro het ons 'n gereedskapkas of "toolbox" saamgestel waarop ons gaan fokus in 2019. Dit bestaan uit "What's Your Story", "Work4aliving" en "Farming God's Way". Dit is seker die moeilikste deel van ons roeping maar die pogings om verhoudings en brue tussen kerk- en bedieningsleiers te bou sal steeds ons fokus bly in die nuwe jaar.

Ons wil graag elkeen 'n baie geseënde feesseisoen toewens, en ook daarmee saam baie sterkte en voorspoed vir die nuwe jaar. Shalom!

Pierre, Sugnet, Pieter en Eldi.



Ons Besonderhede

GAP Ministries, Brockettstraat 9, De Mist

Pierre Sel: 0833703592

Sugnet Sel: 0834014517

Go and Proclaim Trust: ABSA Bank Uitenhage

Rekening Nommer 4056657942

E-pos: outreach@global.co.za

www.goandproclaim.co.za

www.facebook.com/goandproclaim

GAP NUUS Desember 2018

Persoonlike Nuusbrief van

Pierre, Sugnet, Pieter en Eldi van Wyk

"..verkondig elke dag Sy reddingsdade" - Ps 96:2



Vriende,

Die jaar is al lank in die tand soos 'n ou skaap. Van julle sal waarskynlik eers die nuusbrief kry as julle terug is van vakansie, maar ons wil graag seker maak julle kry dit. Enersyds om ons dankbaarheid te bewys en andersyds om oudergewoonte ons persoonlike nuus met julle te deel. Gewoonlik skryf ons ons laaste nuusbrief van die jaar klaar voor ons gemeente se jaarlikse Kersmark einde November, begin Desember maar die jaar het die Kersmark se voorbereidings ons ingehardloop.

Graag wil ons met die nuusbrief ons dank uitspreek vir elke een se persoonlike betrokkenheid in ons lewens in 2018, wat ook al die aard daarvan was. Dit is die gebede wat ons dra, die finansiële ondersteuning wat die wiele aan die rol hou en die persoonlike belangstelling wat die lewe skop gee. Sonder julle sal ons nie 'n verskil in ander mense se lewens kan maak nie.

Van Sugnet

2018 was omtrent 'n vinnige holderstebolder jaar. In die oggend was dit Huppelkind se beurt, in die middag almal by die huis met hulle nood en die voordeurklokkie wat aanhoudend lui om iemand se honger te stil. Die dienste in Elandsrivier en ander gemeentes was een groot voorreg en 'n lekkerte om saam met amazing aanbiddings-leiers te werk en na ongelooflike getuienisse te luister. Die Elandsriviervallei is 'n baie besonderse plek met wonderlike mense. Die gemeente bestaan uit mense van verskillende denominasies en kom een maal 'n maand bymekaar in die klein geuweldak-kerkie bo in die Vallei. Vir die afgelope 2 jaar het ek verantwoordelikheid geneem vir die dienste en beplanning, dit is nou tyd om dit oor te gee aan die Vallei se mense en om meer geestelike leiers te betrek wat die mense van die Vallei kan versorg. Hulle het intussen begin met bybelstudies vir die vrouens. Die jaarlikse basaar by Fitches Corner is 'n gesellige samekoms van die mense van Uitenhage, die Baai, Jeffreys en Patensie. Almal wat herinneringe het aan die Elandsriviervallei kom kuier saam. Die vallei is 'n omgee-plek waar mense kan kom rus en verfris word en ons glo dit is ook geestelik aan die gebeur.

Die Vallei is my grootword-plek, maar juis daarom kan ek hulle nie effektief bedien nie en veral die boere het die inspraak van 'n man nodig wat hulle omstandighede en behoeftes verstaan. Bid asb saam vir die regte persone om betrokke te raak in Elandsrivier... en as jy voel dit is jy... bel my.

Die Here het op 'n punt my handrem kom diens en vir my gesê ek moet tot ruste kom en my bedrywighede minder maak sodat ek tyd met Hom en tyd met my mense kan hê. So hierdie Desember is familie-tyd, waar ons gewoonlik ingestaan het in al die gemeentes waar die geestelike leiers 'n welverdiende vakansie geneem het, is ek ook op vakansie. Iets om aan gewoon te raak. Net hier voor die Kersmark het ek een oggend in my stiltetyd 'n prentjie geteken met die woorde "Loved". Die reaksie daarop het uitgeloop op 'n reeks van 10 kaartjies wat gaan oor God se liefde en dit het uiteindelik ook by die Kersmark geland. Van julle het dit geraam en in julle huise opgesit. Dit maak my hart bly, want dit is wat in my hart leef in hierdie tyd, om te kies om lief te hê en te onthou dat Hy ons onvoorwaardelik liefhet.

Ek wil net vinnig 'n lang storie kort maak. Ek is onlangs regtig bederf deur God se goedheid. My goue Mercedes wat saam met Noag in die Ark was se 4 wieldoppe word voor Huppelkind afgesteel. Die jongklomp wat by Spar saam met die Rastas rondhang kom roep my toe. Almal is ontsteld en hulle begin soek en volg leidrade op. Die kamera by Prestons het dit gelukkig opgeneem. Almal in die straat en by Prestons en Spar werk saam, vra vrae. Prestons se bestuurder spring in haar motor en jaag af Willowdam toe. Sy kry die blou Taxi wat almal gesoek het en die wieldoppe en lewer my 4 wieldoppe vir my af in my klas by Huppelkind. Toe ek die klas binnestap begroet 21 laggende gesiggies my met hande in die lug, en skree hulle, "Praise the Lord!" Alles het binne minder as 'n uur gebeur, omdat mense omgegee het.

Dankie vir julle saamloop en saambid in hierdie jaar, as ek terugdink oor die jaar kan ek nie al die aktiwiteite onthou nie, maar die kontak met mense en die liefde wat ek ontvang het, die saamwerk en die ondersteuning, dit onthou en koester ek. Baie seën vir jou en vir die vir wie jy lief is in hierdie Christusfees-seisoen.

Van Eldi

"It's almost time to say goodbye to 2018, and I can honestly say there is more than 2, 018 things I can thank God for. He is such a Father, Friend and Helper. The year has been tough, and God has been showing me how he desires for us to have rest through and after difficult and busy times. I can really also just say thank you to family and friends for their support and prayers through all times this year - I am so aware that God works through ways we cannot always see and hear and that His ways and thoughts are higher than ours. My Shofar Rondebosch Church family has also been a blessing and very supportive the last few years, and this year I have seen the Lord do many things

te bid vir 'n geestelike ontwaking, die redding van siele en die herstel van sosiale reg en geregtigheid sodat die land vir almal van ons 'n beter plek gaan wees gaan daarom in 2019 steeds relevant wees. Wat gaan bykom is die spesifieke fokus op die verkiesing. Die verkiesing hou die belofte in om weer in 'n 15 rondte boksgeveg te ontwikkel. So ons sal graag almal op hoogte wil hou van hoe, waar en wanneer om te bid vir die saak, of dit nou in jou kantoor, klaskamer, besigheid of in die motor of op die trekker is.

Bybelskool op Wiele

Ons kon die jaar afsluit op 'n hoë en kleurvolle noot met die toekenningsgeleentheid van 'n klompie van die mense daar by David Hycenth se Bybelskool in KwaNobuhle. Hulle moes 7 van die 10 kursusse voltooi om te kwalifiseer vir 'n baie mooi sertifikaat van Teach Every Nation. Hulle hou daarvan om van 'n geleentheid wat dalk vir die meeste van ons niksseggend is iets groots te maak en moes ons inderhaas 'n paar togas wat nog in gebruik is in die dorp opspoor wat kon dien as seremoniële drag. Die kursus berei studente nie voor vir 'n loopbaan in die teologie nie maar is dit eerder 'n hulpmiddel wat enige gelowige kan help om die Bybel beter te verstaan en om 'n dieper verhouding met die Here te ontwikkel ten einde ons in staat te stel om ons geloof meer effektief uit te leef. Dit is hoekom ons daarvan hou. Dit is so ontwikkel dat almal daarby kan baat vind. April 2019 word die tweede module wat ook uit tien kursusse bestaan, vrygestel en spaar ons solank daarvoor. Dit was lekker om die kerk se konsistorie te kon gebruik om die kursus vir mense uit verskillende dele van die gemeenskap te kon aanbied. Van hulle het mekaar die eerste keer daar ontmoet en kon hulle nuwe vriendskappe bou en meer van mekaar se onderskeie bedieninge hoor. Dit was 'n bonus. Ons gaan volgende jaar weer so maak. As iemand meer inligting benodig kontak ons gerus.

ReadySetGo

Hierdie is 'n evangelisasie- en dissipelskap program van die Suid-Afrikaanse Sport Koalisie wat sport as platform gebruik. Hulle hoofkantoor is ook daar onder Stellenbosch se eike. Ons is nie doelbewus hierby betrokke nie, eintlik maar meer van die kantlyn af. Dit is een van die plaaslike bedieninge wat die afgelope jaar 'n groot impak gemaak het in die gemeenskap en as mens hier teen die einde van die jaar kon pryse uitdeel sal hulle my eerste prys ontvang vir die inisiatief wat met die minste hulpbronne die meeste mense bereik het. Hierdie projek is 'n baie goeie voorbeeld van wat in Engels genoem word "Asset Based Community Work", of te wel die ABC model van gemeenskapswerk. In plaas daarvan dat hulp uitgedeel word word die gemeenskap gehelp om hulpbronne in hulle eie omgewing te identifiseer en dit dan te benut tot hulle voordeel. Sulke hulpbronne kan geboue wees soos skole wat leeg staan, oop ruimtes, vaardighede en dienste wat reeds beskikbaar is en-

teenwoordigheid was daar. Oom Angus het nie lank gepraat nie. Hy was ernstig, op die punt af, het nie doekies omgedraai nie en gedoen waarvoor hy die mense gevra het om te kom doen en dit was om te kom bid. Hy het oudergewoonte by elkeen van ons begin, toe 'n draai by die president gemaak, nog 'n paar ander draaie gemaak by al die knelpunte in die land en voor ons die stof uit ons oë kon vee was ons klaar.

Die Engelsman wat Amazing Grace op sy trompet geblaas het was net "amazing". Ek dink die son het vir 'n oomblik stil gestaan en het ons 'n voormaak gekry van hoe dit dalk eendag in die hemel kan klink. Die van julle wat daardie stukkie gemis het gaan google die artikel op Gateway News. Dit is nogal 'n merkwaardige storie. So is ons oppad terug en met Johannesburg se liggies wat dowwer raak sit ek toe en wonder wat ek nou eintlik daar gemaak het, want slaap kan jy in elk geval nie in daai bus nie. Wat my opgeval het en bygebly het was die rou emosie en oorweldigende desperaatheid by mense. Dit was 'n oproep dat die Here ons moet hoor en hierdie land moet genadig wees.

Gebed is nog steeds vir die meeste van ons tweede of selfs derde natuur en is bly dit nog steeds 'n georganiseerde aksie. So moenie skuldig of sleg voel as dit jou belewenis is nie. Dit is normaal dat iemand hom of haarself aan die kraag moet optel en na 'n binnekamer of 'n gebedskamer toe moet sleep. Ons sien uit na die dag wat dit 'n meer spontane aksie of reaksie gaan wees vir almal van ons. Met die oog op 2019 is daar 'n baie eenvoudige gebedstrategie in plek gesit. Tot nou toe was die fokus om gemeentes en groepe te mobiliseer om vir een of twee weke per jaar 24/7 te bid. Vir volgende jaar word 7 siklusse van 7 weke beplan. Die oogmerk is om die verskillende netwerke aan te moedig om 7 weke te bid in plaas van die een of twee in die verlede. Die eerste week begin 24 Februarie en eindig 3 Maart en die laaste week van die 7 weke 24 November tot 1 Desember. Ons will julle nie verveel met al die datums nie en sal so met verloop van tyd almal op hoogte hou. In ons eie gemeente gaan dit moeilik wees om al sewe weke te ondersteun en sal ons twee of drie weke kies uit die 7 uit wat so geplaas is dat dit ook die inisiatiewe in die gemeente momentum sal gee. Dit sal ook nodig wees om in die aanloop tot die verkiesing 'n week van gebed te hou. Die "whatsapp" gebedsgroep wat ons in die gemeente gehad het in kombinasie met die gebedskamer wat so mooi ingerig was het goed gewerk tydens ons week van gebed in Oktober. Ons sal weer hierdie roete volg in 2019.

Ons moet aanvaar dat Suid-Afrika al hoe meer soos Afrika raak en dat dinge nooit weer gaan wees soos dit was in die verlede nie. Die fokus van die gebedsinisiatiewe is daarom nie gerig op die reformasie van ons land nie maar op die transformasie van ons land en regering om in lyn te kom met God se bloudruk vir die tyd waarin ons leef. Die fokus tot nou toe naamlik om

through outreaches, 12 hour prayer, worship events and church services. I learnt that God has an incredible heart for students, desiring to take them into his hands. God always hears our prayers and he never leaves our side - he always works for our good. God Bless." - Eldi.

Eldi is baie beskeie oor wat sy bereik het die afgelope drie jaar afgesien van die akademiese prestasies. Ons onthou nog goed die dag wat ons haar daar by UCT alleen gelos het te midde van die "fees must fall" rumoer, die crazy bestuurders in Main Road, Rondebosch, 'n koshuis waar blankes so skaars is soos 'n spaarwiel aan 'n polisiebakke en met die vreemdheid van 'n kosmopolitaansie Universiteit wat soos Tafelberg oor jou hang. Dis drie jaar later en sy het dit alles oorleef en as 'n goeie vriendin van menige van die studente van al die skakerings van die reenboog haar koshuis kamer ontruim. Afgesien van die "Nations Band" van Shofar waarin sy haar uitleef was sy die afgelope jaar ook die koördineerder van die Christelike aktiwiteite in haar koshuis, en dit wil gedoen wees. Volgende jaar trek sy in by "med-res" net langs Grootte Schuur vir haar honneursjaar. Hier in die middel van Desember het sy 21 geword op haar besonderse onopgesmukke manier en haar verjaarsdag-geld op haar perd uitgegee soos ons verwag het. Ja, dié is nog springlewendig en hou die gras wat oor is lekker kort saam met al die ander perde op Ballynafagh daar in Kruisrivier.

Oor Pieter

Verseker al die Engelse woorde in hierdie paragraaf maar dit is moeilik om Pieter se leefwêreld net in Afrikaans te beskryf. Pieter het ongeveer 'n jaar terug ingeval daar by Mellowcabs op Stellenbosch. Julle sal onthou dat dié besigheid elektries-aangedrewe drie sitplek taxi's bou met tot 'n dak oor jou kop. In die tyd wat hy daar was het die besigheid al die rooi kleefband uit die pad uitgekry en amptelike goedkeuring gekry om die strate in te vaar en beide mense en pakkies oor die Kaapse Metropool te versprei. Van Riebeeck, daar waar hy vasgesement is in Adderley Straat sou seker in sy wildste drome nooit kon droom dat die dag sou aanbreek dat mense so geruisloos onder sy wakende oog by hulle bestemmings gaan uitkom nie. Hier teen die einde van Oktober het Pieter bedank by Mellowcabs en sy eie onderneming begin onder die vlerk van Launchlab. Launchlab is die "incubator hub" waaruit Mellowcabs en baie ander besighede ontstaan het. Sy besigheid se naam is Triunse. Ons probeer nog presies uitvind wat hy doen maar sover ons kan agterkom is dit 'n kombinasie van die ontwikkeling van prototipes, ontwerp en 3d drukwerk. Hy bedryf ook Makerspace namens Launchlab. Makerspace is 'n platform wat entrepreneurs help om hulle idees van die grond af te kry. Launchlab se beste studente "startup" die jaar was Sxuirrel. Die slim student of studente seker, bekom en huur dan stoorplek uit vir studente om hulle meubels en ander goed te berg wat hulle nie nodig het nie, maar hulle ouers dink hulle nodig het. Ek neem aan jy kan jou stoorplek aan

Sxuirrel verhuur wat dit dan weer onderverhuur. "Startups" moet seker die nuwe buzzwoord wees en Pieter se besigheid kwalifiseer dan seker ook as 'n "startup". Hy het "seedfunding" by 'n besigheid daar iewers in Stellenbosch bekom wat hom gaan help om uit die blokke te kom. Een van sy ontwerpe is 'n monteerstuk waarin jou selfoon pas wat weer oor 'n geweer se teleskoop pas wat jou toelaat om jou selfoon se kamera as 'n visier te gebruik. Dit behoort goed te werk, dan kan jy sommer op Youtube vir almal wys hoe goed jy skiet, of nie skiet nie. Beide die produk van Pieter en dit wat Sxuirrel doen klink vir my niks meer as 'n boer wat 'n plan gemaak het nie. Tegnologie vorm die bootjie maar dalk is dit hierdie boere planne wat die knoop gaan deurhaak vir ons land in die toekoms.

Die omgewing waarin Pieter hom bevind klink na 'n lekker "buzz". Baie van die tegnologie waaraan hulle blootgestel is gaan die manier van hoe ons lewe in die toekoms bepaal. Ons verstaan nie alles nie en hoor maar hulle praat onder andere van "augmented reality", "virtual reality", "artificial intelligence" en pizzas en rooiwijn. Laasgenoemde is darem bekend. As ouer hou jy jou hart vas oor jou kinders se toekoms in ons land veral as hulle soos Pieter die brawe stap neem om op diep waters te loop. Ons het baie waardering vir hom en die dinge wat hy aanpak. Hy is ook steeds betrokke by die "trance party" uitreike. Hy verkies dat ons nie in te veel detail daarvoor uitwei nie omdat hulle probeer om so ongemerk as moontlik die Here se teenwoordigheid uit te leef te midde van 'n naweekuitstappie wat vir baie mense 'n ontvlugting is, maar nie die rerige vrede bring waarna hulle op soek is nie. So as julle hom dalk iewers raakloop vra hom gerus daarvoor uit. Dewald, Pieter se goeie vriend en Eldi se spesiale vriend, wie baie van julle ken, het ook intussen ingeval met sy doktrale studies in Chemiese Ingenieurswese daar by US. Dit is wonderlike om te sien dat Dewald sy breinkrag weer gaan inspan om die grense van die wetenskap verder te verskuif. Ons is opgewonde om te sien hoe dit gaan ontwikkel.

Die land bid, meer.

Die van julle wat ons nuusbriewe ontvang en ons op facebook dophou sal weet dat ons die jaar die provinsie deurkruis het in 'n poging om verhoudings met kerkleiers te bou, brue tussen hulle te versterk en om gemeenskappe te help om hulle gebedslynies opgestel te kry. So reis ons deur die mooiste plekke van die provinsie en ontmoet baie mense in wie se harte en gemoed daar 'n swaar las is vir ons provinsie, die land en sy mense. Almal is dit eens dat ons land nie sonder 'n wonderwerk weer 'n beter en veiliger plek gaan word vir almal nie. Verwagtinge verskil oor wat die wonderwerk moet of gaan behels en hoe dit elkeen se persoonlike omstandighede moet verander. Vir die meeste mense is daar 'n begeerte na 'n bonatuurlike of dieper geestelike belewenis. Iets wat nog nie van tevore in so mate ervaar is nie. Ander het weer uitkoms nodig op 'n meer materiële vlak, 'n beter toekoms vir hulle

kinders, vrede en net die geleentheid om met goter vrymoedigheid te kan rondloop sonder dat iemand jou of jou gesin se lewe bedreig. Dit is veral die mense in die townships. Hierdie gemeenskaplike soeke maak dit natuurlik makliker om 'n saak te bemark. So het ons orals 'n oor of meer gehad wat gretig was om te hoor watter metodes daar is. Dit was lekker om na die tyd op al die "whatsapp" groepe te sien hoe byeenkomste en inisiatiewe gereël word, mense oor grense heen mekaar bemoedig en mekaar hoop gegee het. Van die dorpe waar ons dit die minste verwag het het daar dikwels die meeste reaksie gekom. Dankie aan Daniel Brink en Jerigo Mure wat hulle hulpbronne, tyd en energie in ons provinsie inploeg.

Die hoogtepunt hierdie jaar was ongetwyfeld die "It's Time" gebedsbyeenkoms in Pretoria. Die reis soontoe per bus was bietjie van 'n ander storie. Ek het nog nooit lekker ingepas in 'n vliegtuig of bus nie en ook nie in baie ander maniere van vervoer nie. Die keer was dit nie anders nie. Ons was 'n groep van 50 mense van die Metro. Dit maak dit baie makliker as jy in 'n groep reis veral as jy 'n naweek saam in 'n bus deurbring. Party mense praat in hulle slaap en ander kan weer nie ophou praat as hulle wakker is nie. Slaap kan jy nie geslaap kry nie en naderhand word jou grootste begeerte net om plat te kan lê, al is dit nou in die bus se paadjie. Ons het so gewoon geraak aan ons gerieflike leefstyl dat die bietjie ongemak jou kopseer gee. Dit het my laat dink aan die miljoene mense oor die aardbol heen wat elke dag in sulke ongemak dae lank oor die weg moet kom.

Die "It's Time" byeenkoms se atmosfeer was baie anders as tydens die Bloemfontein byeenkoms. Die organiseerders het reggemaak vir 5 miljoen mense met die gevolg dat alles vër uitmekaar gespaseer was, tot die toilette. Ons parkeerplek was 'n paar kilometer van waar ons gaan sit het en vandaar af was dit seker nog 'n kilometer of wat verhoog toe. Ons kon nie die verhoog sien van waar ons gesit het nie en as jy daar 'n selfie geneem het was dit net mense en sambrele en geen oom Angus nie. Daar was 30 klank to-rings. Ons het by nommer 23 afgepak en agter ons was daar nog 'n hele klomp mense met hulle sambrele, stoele en koelhouers. Mens het nie die gevoel van samehorigheid gehad wat in die Bloemfontein die geval was nie omdat almal so vër van mekaar af gesit het. Die saamsingery het daarom nie lekker gewerk nie, die biddery wel. Van die 5 miljoen mense het daar seker so een en 'n half opgedaag sou ek rowweg skat. Almal was onder 'n laag stof bedek en dit was snikheet warm.

Party mense het dit as 'n ideale geleentheid gesien om 'n "tan" te vang en hulle het hulle vet gesmeer en die broekspype en moue so hoog as moontlik opgerol. Die meeste mense by verre het gekom om te bid in die stof en die hitte en dit is wat dit so merkwaardig gemaak het. Orals het mense op hulle hande en knieë in die stof gekniel sonder dat iemand hulle gevra het, of dat hulle verleë was dat iemand hulle gesien het. Dit was spontaan. Die Here se